

Obstacles to
including
G1 *June 81*
to 31/5
Lenkase conceived.

an 36 afskrifte

15

92

Republiek van Suid-Afrika



MINISTER VAN BUITELANDSE SAKE EN INLIGTING

Privaatsak X141
Uniegebou
Pretoria
0001
Tel 30124

MB 10/1/1/4

23 Junie 1981

Geagte Kollega

BESOEK VAN MNR. CLARK AAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA:
10 - 13 JUNIE 1981

Die program besonderhede omtrent mnr. Clark se besoek en die name van sy afvaardiging is soos volg:

A. PROGRAM

WOENSDAG, 10 JUNIE 1981

- 17h15 : Arriveer D.F. Malan-lughawe. Word ontmoet deur die Minister van Buitelandse Sake en Inligting, mev. Botha en die Direkteur-generaal van Buitelandse Sake en Inligting.
- 19h00 : Ete aangebied deur die Minister van Buitelandse Sake en Inligting, by die Kasteel, Kaapstad, in medewerking met die Minister van Verdediging.

DONDERDAG, 11 JUNIE 1981

- 08h00 : Ontbyt saam met Sy Edele die Eerste Minister by Westbrooke.
- 08h30 : Samesprekings met die Eerste Minister te Westbrooke. Teenwoordig: Sy Edele die Eerste Minister, Minister R.F. Botha, Generaal M.A. de M. Malan, Dr. B.G. Fourie, Generaal P.W. van der Westhuizen, Mnr. William P. Clark, Mnr. Elliot Abrams, Dr. Chester Crocker
- 11h00 : Besigtigingstoer van die Skiereiland per helikopter.

GEHEIM

/2 12h00

91

GEHEIM

-2-

- 12h00 : Aankoms te Ysterplaat. Samesprekings tussen mnr. Clark en Ministers R.F. Botha en M.A. de M. Malan.
- 12h30 : Vertrek na Hotel Heerengracht
- 14h00 : Samesprekings tussen mnr. Clark en Ministers R.F. Botha en M.A. de M. Malan
- 16h00 : Samesprekings met Sy Edele die Eerste Minister
- 17h15 - : Samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse
22h00 Afvaardiging en die VSA-afvaardiging

SA

Minister R.F. Botha
Genl. M.A. de M. Malan
Dr. B.G. Fourie
Genl. P.W. v.d. Westhuizen
Mnr. J.A. Eksteen
Mnr. D.W. Auret
Mnr. S.M. Cleary

VSA

Mnr. W.P. Clark
Mnr. E. Abrams
Dr. C.A. Crocker
Mnr. D. McElhaney
Mnr. R. Frasure
Ms. N. Ely

VRYPDAG, 12 JUNIE 1981

- 07h00 : Vertrek van mnre. Eksteen, Auret en Cleary, asook mev. Botha, na Windhoek om sekere interne politieke leiers in breë trekke in te lig.
- 07h15 - : Samesprekings by Sy Edele die Eerste Minister
08h30 deur Ministers R.F. Botha en M.A. de M. Malan, dr. B.G. Fourie en genl. Van der Westhuizen.
- 08h00 : VSA-afvaardiging vertrek na Windhoek.
- 09h00 : Ministers R.F. Botha en M.A. de M. Malan, dr. Fourie en genl. Van der Westhuizen vertrek na Windhoek.
- 10h00 : VSA-afvaardiging kom in Windhoek aan en word ontmoet deur die Administrateur-generaal en mev. Hough en lede van die Administrateur-generaal se personeel.
- 10h00 - : Mnr. Clark en die Administrateur-generaal
10h45 voer samesprekings.
- 10h00 : Mevv. Clark, Botha, Hough, Lloyd en Edmondson asook mej. Prinsloo vertrek na die Etosha Wildreservaat.
- 11h00 : Ministers Botha en Malan, dr. Fourie en genl. Van der Westhuizen kom aan in Windhoek.

GEHEIM

/3 11h00

- 11h00 : Ministers Botha en Malan, dr. Fourie en
12h00 genl. Van der Westhuizen lig die
Administrateur-generaal en sy senior
personeel in oor die samesprekings te
Kaapstad.
- 11h30 -: Clark-samesprekings met binnelandse partye
19h00
- 13h00 -: Werksmiddagete vir Suid-Afrikaanse Afvaardiging
15h00 aangebied deur genl. Lloyd by die Suiderhof-
menasie.
- 20h30 : Braaivleis-onthaal aangebied deur die
Administrateur-generaal en mev. Hough vir
Suid-Afrikaanse en VSA-afvaardigings.
- 21h00- : Ministers Botha en Malan en mnr. Clark hou
23h00 samesprekings in studeerkamer by die woning
van die Administrateur-generaal.

SATERDAG, 13 JUNIE 1981

- 08h00 : VSA-afvaardiging vertrek vanaf Windhoek na
Salisbury en word afgesien deur
Administrateur-generaal en mev. Hough.

B. AMERIKAANSE AFVAARDIGING

1. Regter William P. Clark : Adjunk-staatsekretaris
2. Mnr. Elliot Abrams : Assistent-sekretaris vir
Internasionale Organisasies
3. Dr. Chester A. Crocker : Assistent-sekretaris vir
Afrika-sake
4. Ambassadeur W. Edmondson : Amerikaanse Ambassadeur,
Suid-Afrika
5. Mnr. J. Kelly : Adjunk- Uitvoerende Direkteur van
die Staatsdepartement
6. Mnr. R. Frasure : Streeksbeampte vir Zimbabwe en
Namibië, Staatsdepartement
7. Mnr. D. McElhaney : Politieke beampte, Afdeling
Internasionale Organisasie-
aangeleenthede, Staatsdepartement
8. Ms. N.H. Ely : Assistent-regsadviseur vir Afrika-
aangeleenthede, Staatsdepartement.

C. SUID-AFRIKAANSE AFVAARDIGING

1. Minister R.F. Botha
2. Generaal M.A. de M. Malan
3. Dr. B.G. Fourie
4. Genl. P.W. van der Westhuizen
5. Mnr. J.A. Eksteen : Departement Buitelandse Sake
en Inligting
6. Mnr. D.W. Auret : "
7. Mnr. S.M. Cleary : SA Ambassade, Washington

Met sy aankoms by die D.F. Malan-lughawe het ek en mnr. Clark in 'n aparte vertrek by die lughawe vir ongeveer 10 minute alleen met mekaar gesels. Ek het tydens hierdie kort samesyn vir hom verduidelik dat ons Eerste Minister hom gedurende ons samespreking die volgende oggend vroeg by die Eerste Minister se woning sou uitnoui om sekere plekke in die noordelike gedeelte van Suidwes-Afrika te besoek. Ek sou hom egter later die aand gedurende ons aandete in die Kasteel 'n bietjie meer inligting hieromtrent gee. Hierdie was die eerste meer definitiewe aanduiding van ons kant van wat ek beoog het met 'n boodskap wat ek deur middel van ons Ambassadeur in Washington aan hom laat oordra het by sy vertrek uit Washington die vorige dag en wat daarop neergekom het dat die finale reëlins vir sy program in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika in sy en in my hande gelaat moes word om afgerond te word na sy aankoms in Suid-Afrika. Mnr. Clark het van sy kant 'n versoek aan my gerig dat ons beamptes nie met dr. Crocker samesprekings moes voer tensy mnr. Abrams ook teenwoordig was nie. "I brought Abrams with me in order to balance Crocker," het mnr. Clark gesê. Hierdie stelling van mnr. Clark het dit vir my bo enige twyfel duidelik gemaak dat hy beslis nie volle vertrouwe in dr. Crocker gehad het nie.

Die aandete in die Kasteel het besonder gesellig verloop en na afloop van die ete het ek en Kollega Magnus Malan en mnr. Clark vir 'n kort wyle eenkant toe gestaan, hoofsaaklik om die besoek deur mnr. Clark aan die noordelike gebied van Suidwes-Afrika te bespreek.

88

Mnr. Clark was uit die staanspoor ingenome met die gedagte. Ons het dit aan hom gestel dat ons gereed was om te reël dat hy en diegene in sy geselskap wat hy sou wou nomineer, onder andere Ruacana, Rundu en een of twee ander plekke in die noordelike gedeelte van Suidwes-Afrika besoek. Ek het genoem dat hy by een of twee van hierdie plekke die geleentheid sou kry om van ons swart troepe te besigtig asook ons Boesman-troepe en ek het gevra of dit hom in die verleentheid sou stel indien van hierdie eenhede hulle embleme aan hom sou wou oorhandig. Hy het geantwoord dat dit vir hom 'n voorreg sou wees om sulke embleme te ontvang. Trouens, hy het ons aanbod om hom behulpzaam te wees om vir hom 'n groen baadjie en 'n pet te kry met die oog op die besoek aan die Noorde met graagte aanvaar. Vroeër die aand aan tafel het mnr. Clark vir sy eggenote gevra om vir hom 'n groen baadjie en pet vroeg die volgende môre te koop. Vandaar ons aanbod om dit te doen. Ek het dit benadruk dat die doel van die besoek sou wees om hom in staat te stel om die feite omtrent die geografie van die Gebied en sy etniese verskeidenheid persoonlik waar te neem asook ander aspekte wat vir hom van belang sou wees ten einde eerstehands oor die Gebied SWA te kon gesels en behoorlike samesprekings met die interne partye te voer. Ek het gemeld dat een van die redes waarom die interne partye van Suidwes-Afrika in die algemeen pogings van die Wesmagte om die Suidwes-Afrika-kwessie op te los met verdenking bejeen juis spruit uit die feit dat so min hooggeplaastes uit die Westerse lande die noordelike gedeelte van die land besoek ten einde hulself eerstehands in te lig oor die heersende omstandighede. Mnr. Clark het sy instemming met hierdie sienswyse betuig deur te sê: "We must determine the facts before the law." Ook het hy gemeld dat genl. Haig besonder waarde heg aan "reconnaissance" wanneer dit by samesprekings van hierdie aard kom. Toe ons Woensdagaand, 10 Junie, vir mekaar nag gesê het,

was beide ek en genl. Malan vas onder die indruk dat mnr. Clark, mnr. Abrams en dr. Crocker (laasgenoemde twee is deur hom genomineer om die toer mee te maak), uitgesien het daarna om op Donderdag, 11 Junie, nadat ons ons samesprekings met die Eerste Minister afgehandel het, na die noordelike gedeelte van Suidwes-Afrika te vertrek.

Ons afspraak met die Eerste Minister was om 08h00 by die Eerste Minister se ampswoning in Kaapstad waar die Eerste Minister en mevrou Botha ongeveer 15 Amerikaners van mnr. Clark se geselskap en ongeveer dieselfde aantal Suid-Afrikaners sou ontvang het vir ontbyt. Die gedagte was dat die volgende persone na ontbyt sou onttrek na die Eerste Minister se studeerkamer vir die amptelike besprekings wat die Eerste Minister sou aanknoop:

SA

- Eerste Minister P.W. Botha
- Minister R.F. Botha
- Generaal M.A. de M. Malan
- Dr. B.G. Fourie
- Genl. P.W. v.d. Westhuizen

VSA

- Regter W.P. Clark
- Dr. Chester A. Crocker
- Mnr. E. Abrams

Wat van belang is in hierdie verband is dat ek nie aan mnr. Clark voorgeskryf het wie hy van sy kant by hierdie besprekings teenwoordig sou hê nie. Hy het op my navraag wie hy daar wou hê slegs mnr. Abrams en dr. Crocker aangedui. Dit was opvallend dat hy sy Ambassadeur, mnr. Edmondson, uitgesluit het asook die orige lede van sy geselskap.

Mnr. Clark het saam met my vanaf die hotel na die Eerste Minister se woning gery. Ons het skaars by die hotel vertrek, toe hy my meedeel dat hy tot sy spyt nie meer die reis na die noordelike gedeelte van SWA sou kon onderneem nie.

Ek het dadelik besef dat hy die vorige aand voor hy gaan slaap het deur mnr. Abrams en dr. Crocker uit sy voorneme uitgepraat is. Ek het hom gevra waarom die veranderde houding. Hy het gesê dat die VSA-ambassade sekere afsprake vir hom gereël het met gesiene Suid-Afrikaners en dat dit hom in die verleentheid sou stel as die afsprake gekanselleer sou word. Dit sou vrae laat ontstaan oor waarom hy die afsprake nie kon nakom nie. Ook was hy huiwerig om af te wyk van hul program van samesprekings met ons in Kaapstad en met die interne partye van SWA. Die pers het geweet wat die finale program was en afwykings sou vrae laat ontstaan wat vir hom nadelig kon wees en wat verdere onderhandelings met die Europese lande en met die Frontliniestate nadelig kon tref. Hy het vir my 'n getikte weergawe van sy program vir die dag gewys. Benewens die samesprekings met die Eerste Minister en met myself was daar drie afsprake met dr. Van Zyl Slabbert, dr. Giliomee van Stellenbosch en mnr. Dawid de Villiers van Nasionale Pers. Ek het gesê dat ek met graagte die drie persone sou skakel en dat ek oortuig was dat ek hulle samewerking en begrip sou verkry indien hy SWA sou besoek in stede van om sy afsprake met hulle na te kom. Wat betref sy besoek aan die noordelike gedeelte van SWA was daar niks wat weggesteek moes word nie. Ek kon nie sien wat vir hom nadelig was om reguit te sê dat hy besluit het om 'n paar plekke van belang in SWA te gaan besoek voordat hy met die partye van SWA praat nie. Trouens die pers sou waarskynlik gunstig reageer as hy dit sou doen want dit sou toon dat hy hom eerstehands wou vergewis van die feite van SWA soos hulle bestaan voordat hy na argumente en sienswyses luister. Indien die moontlikheid van kontak met Suid-Afrikaanse troepe hom hoofbrekens besorg, kon ek hom die versekering gee dat hy nie een soldaat sal ontmoet nie.

85

Hy kon uitsluitlik konsentreer op die hidro-elektriese projek by Ruacana, klinieke, hospitale, skole en gemeenskapsondernemings. Hy kon 'n paar van die "minderhede" se gebiede en lewenswyse en probleme besigtig en waarneem. Dit sou hom beter toerus vir sy besprekings met die interne partye en dit sou tot sy krediet strek eerder as tot sy nadeel. Teen hierdie tyd was ons reeds by die woning van die Eerste Minister en moes ons afklim om in te gaan.

'n Rukkie later, aan tafel, het ek die Eerste Minister om verskoning gevra om dr. Van Zyl Slabbert te gaan skakel. Dr. Slabbert het niks van 'n afspraak met mnr. Clark geweet nie maar gesê dat hy nie weet of sy kantoor dalk 'n afspraak gemaak het nie. Hy het egter dadelik saamgestem dat dit beter sou wees dat mnr. Clark SWA besoek indien daar gekies moes word tussen 'n afspraak met hom en so 'n besoek. Ek het teruggegaan ontbyttafel toe en hierdie inligting aan mnr. Clark en dr. Crocker, wat naby my gesit het, oorgedra. Hulle het nie daarop gereageer nie maar ek kon sien dat hulle verbaas was oor my mededeling dat dr. Slabbert niks van 'n afspraak geweet het nie.

My privaatsekretaris het terselfdertyd die ander twee here met wie mnr. Clark afsprake sou gehad het geskakel en hul reaksie was dat hulle nie afsprake met mnr. Clark gehad het nie maar dat hulle die vorige aand geskakel was en genooi was vir drankies met die Amerikaners. Dit was gevolglik duidelik dat die sogenaamde afsprake wat vir mnr. Clark gereël was 'n slenter was. Ek twyfel of mnr. Clark bewus was daarvan dat die afsprake as voorwendsel moes dien om nie die noorde van SWA te besoek nie. Hy was net so verbaas as ons om van die ware toedrag van sake te hoor. Trouens hy het later in die dag toe ek en genl. Malan met hom gesels het oor daardie oggend se gebeure, begrip getoon vir my standpunt dat dit heeltemal onvanpas was om hoegenaamd sulke

Afsprake te reël wanneer hy samesprekings met die SA Regering en met die Suidwes-partye kom voer ten einde 'n oplossing van die SWA-kwessie te vind. Sy besoek het 'n duidelik-omlynde doel gehad naamlik om met diegene te kom gesels wat 'n bydrae ter oplossing van die SWA-kwessie kan lewer. Die persone met wie die "afsprake" in die Kaap gereël was kon nie een namens die SA Regering of enige van die SWA-partye praat nie. Afgesien hiervan, het ek vir mnr. Clark gesê hoe sou dit vir hulle in Washington lyk as ek daar aankom om 'n spesifieke saak met President Reagan te bespreek en dan maak ek 'n afspraak om President Reagan se ergste politieke opponent te gaan spreek. Mnr. Clark het bygevoeg: "soos byvoorbeeld Ted Kennedy." Ek het saamgestem en hom bedank vir die toepaslike vergelyking. Hoe dit ookal sy, die afspraaksleutel het nie bygedra tot 'n gevoel van wedersydse vertroue toe wedersydse vertroue op sy nodigste was nie, naamlik vroeg die oggend van 11 Junie.

Mnr Clark het ter aanvang van die bespreking in die Eerste Minister se studeerkamer op 11 Junie in breë trekke die Amerikaanse posisie oor Suidwes-Afrika uiteengesit. Hy het positiewe punte na vore gebring:

"Mr. Clark thanked the Prime Minister for the hospitality which had been extended to him and his wife and to the members of his delegation. He stated that President Reagan had expressed concern for South Africa and that the President was extremely concerned regarding the hypocrisy evidenced by South Africa's detractors.

Regarding South West Africa/Namibia, he wanted to stress that he was not representing United States' allies or the United Nations on this visit. He was representing only the United States. He had brought with him experts in several fields to assist him in accomplishing his task. Following his return to the United States, he would have to recommend to President Reagan and to Secretary of State Haig what the US posture on South West Africa/Namibia should be.

83

GEHEIM

-10-

Once that decision had been taken, the rest of the Contact Group would be informed accordingly. This would be done on an individual basis and not as a group. He wished to stress that the United States was of the opinion that if something was to be accomplished on South West Africa/Namibia, action would have to be taken within weeks.

On the Cuban question, he stated that the presence of these foreign troops on African soil, and more specifically in Angola, was totally unacceptable to the United States. Consequently the United States proposed to take severe action before the end of the year in order to get the Cubans out of Africa. In this regard the United States felt that reaching its objective would be facilitated if there could also be movement on the question of South West Africa/Namibia.

Mr. Clark said that he wished to apologise for the leakage of documents which had occurred in Washington following Minister R.F. Botha's visit. A suspect had been identified - it was a typist - and action would be taken against the person concerned. He stressed the need to maintain total confidentiality on the question of South West Africa/Namibia until the United States had taken its decision on its future posture. The decision which would be taken would then become United States policy.

Regarding the proposed visit to the northern part of South West Africa/Namibia, he expressed some concern that the media would use such a visit to argue that it was evidence of United States' bias towards South Africa and the Territory. The United States approach on South West Africa/Namibia was that each step which it took would have to be weighed and once a decision had been taken, announced. He was in full agreement that he should see as much as possible and gather as many facts as possible, but there was a distinct possibility that any moves undertaken by the United States, before it had taken its decision, could be misinterpreted. Nothing could be hidden from the press and no secret lasted long. He would have liked to visit the northern border areas but was afraid that it did not seem possible.

He also wanted to point out that from a United States point of view, the climate for achieving the results which it desired, had never been better. The Soviet Union was bogged down in Poland and Afghanistan.

GEHEIM

/11 Positive

Positive movement was now possible.

With regard to the letter which Foreign Minister Botha had addressed to Secretary of State Haig, Mr. Clark said that he would like to go over its contents point by point."

Die Eerste Minister het onder andere die volgende belangrike aspekte van die Suid-Afrikaanse Regering se sienswyse teenoor mnr. Clark gestel:

"The Prime Minister expressed gratitude for the realistic attitude adopted by the United States and for the decision to consult directly with the internal political parties.

He stated that the international world lived in ivory towers and had never gone to South West Africa themselves to see how the people lived and what their needs were. They, who had no knowledge of the Territory or its peoples, wanted to dictate to South Africa while South Africa had to live with the many problems which confronted it in the Territory.

To understand the problems in South West Africa one had, above all, to understand the composition of the people, their thinking and their way of life. It was important that Mr. Clark see things such as the development of Ruacana and other important work being undertaken in the Territory such as the civic action programmes. He was concerned that if Mr. Clark did not see any of these things, which were important to the people in their daily lives, the leaders of South West Africa would look on their discussions as further theoretical discussions. He hoped, therefore, that Mr. Clark would undertake a visit to the northern areas, also to view how rugged the terrain was and to see the length of the border - things which were directly connected with the settlement proposal.

Regarding his own philosophy on South West Africa, the Prime Minister said that it was based on a number of aspects.

In the first place, the South African Government did not oppose independence for the Territory and did not claim one inch of South West Africa as its own. The rebellion of 1914 had occurred because people were against the seizure of South West Africa and it was apposite to note that the National Party had been born from that spirit. There was, as far as South Africa was concerned, no question of sabotaging the efforts which were now underway to achieve independence for the Territory.

Secondly, he wanted to state that while the international community had theorized on South West Africa since 1940, it had been left to South Africa to carry the economic and financial burden of the Territory. The accumulated losses in respect of railways, postal services and airports, far exceeded an amount of R500 million and in respect of the costs for running the Territory, the amount was in excess of R600 million. Support to public corporations amounted to some R320 million and the total costs relating to the infrastructure amounted to approximately R1,40 billion. This figure excluded expenditure for the South African Defence Force and the South African Police and the costs involved in providing protection to the people of the Territory had, over the past five years, amounted to some R300 million per annum. In addition, South West Africa was presently in the grip of a severe drought and was asking for an additional amount of R150 million this year.

In the third place, South Africa was not willing to accept a communist regime on its left flank. If the Soviet Union succeeded in establishing a SWAPO government in South West Africa at a point of a gun, and infiltration of terrorists into South Africa took place, South Africa would not take matters lying down.

In the fourth place, it should be clearly stated that South West Africa was a country of minorities and there could be no solution to the question without account being taken of that basic fact. He wanted to use as an example of the difference between the various peoples the fact that the Okavango, who had sufficient grazing for their animals during the current drought, would not allow cattle from other groups to graze on their land.

Fifthly, South Africa would go out of its way to find a solution together with the new US Administration. Unfortunately, the experience of recent years with the previous Administration had led to suspicions regarding its motives. What was now needed was that South Africa should regain confidence in the United States.

In the sixth place, the question of UNTAG was vital and, if UNTAG was forced on South Africa and South West Africa, it would be proof of the bias of the international community.

Finally, it was important that as far as Southern Africa was concerned, South Africa could not afford to lose face with the peoples of South West Africa or the other peoples of the region. It could not leave South West Africa in the lurch. This was especially the case as far as UNTAG and the question of protecting the rights of minorities were concerned.

At this stage, Mr. Clark assured the Prime Minister that the US was not in favour of the kind of UNTAG that would create the impression of being an army of occupation. The US nevertheless felt that there was a need for some smaller force to guarantee security.

The Prime Minister thereupon indicated that other means could be explored to satisfy the US. He wanted to point out that under existing proposals UNTAG would be only on the South West African side of the border and not on the Angolan side, where there was no security. As far as the people of South West Africa were concerned, UNTAG would moreover be in the Territory simply to ensure that SWAPO came to power.

In conclusion the Prime Minister said that South Africa did not want to see repeated in South West Africa what had happened elsewhere in Africa. In this connection the Prime Minister quoted passages from a recent report on refugees in Africa describing the conditions under which millions of people had to exist.

The Prime Minister said that South Africa was prepared to assist the development of the states of Southern Africa, including South West Africa, as independent participants in a constellation of Southern African states. But there were two important reservations. In the first place, these states should not become a springboard from where terrorists and Marxists could launch actions against South Africa and, secondly, that the denigration of South Africa at the United Nations and in the international community must cease.

The Prime Minister said that it was clear that the British had made a mistake in Zimbabwe. The country consequently faced severe problems and could not, for example, pay R300 million which it owes South Africa. It was his view that handouts would not help and that opportunities should instead be created.

In the spirit of the philosophy outlined by him, the Prime Minister said that the United States could accept that South Africa would co-operate with the USA in seeking a solution. But the United States should not push South Africa too far.

Mr Abrams also intimated that the USA was not in favour of "a sea of blue helmets" that would create the impression that they "wanted to put SWAPO in power". He just wanted to be certain that he interpreted the Prime Minister correctly, namely that there was a willingness on the South African side to discuss ways and means to solve this problem.

The Prime Minister said that apart from civilian observers, we would be prepared to discuss other practical proposals, particularly if we were convinced that countries with a common interest in a genuine settlement would be involved.

Ten slotte het die Eerste Minister gevra of hy nou kan aanvaar dat mnr Clark en diegene wat hy met hom saam wou neem sekere plekke in die noorde van Suidwes-Afrika sou besoek. Mnr Clark het op daardie stadium steeds gretig gelyk om die besoek te onderneem, maar het aangedui dat hy kortliks met sy raadgewers sou wou raadpleeg en het gevra of hulle verskoon kon word. Dit was toe ongeveer 09h45. Die gedagte was dat ons die Amerikaners per helikopter, wat op die grasperk agter die Eerste Minister se ampswoning gereed was, op 'n kort besigtiging van die Skiereiland sou neem en dan te Ysterplaat te land en om vandaar in vliegtuie wat gereed gestaan het na die noordelike deel van Suidwes-Afrika te vertrek.

Mnr Clark se beraadslaging met sy raadgewers het egter taamlik lank geduur en na ongeveer 20 minute het Ambassadeur Edmondson teruggekeer en gevra of ek vir 'n oomblik by mnr Clark kon aansluit. Die Amerikaners was op daardie tydstip in die voorportaal van die Eerste Minister se huis byeen. Toe ek by hulle aansluit het mnr Clark verslae voorgekom en vir my gesê dat sy raadgewers hom ten sterkste afraai om die besoek aan die noordelike gedeelte van Suidwes-Afrika te onderneem. Hulle het gevrees dat so 'n besoek vertolk sou word as sou die Suid-Afrikaners die Amerikaners in hulle sak gehad het en dat die VSA hom vereenselwig met ons militêre poging teen SWAPO wat enige verdere onderhandelinge ten einde 'n skikkingsplan te laat slaag in die wiede sou ry.

/15 Ek

Ek het van my kant mnr. Clark ernstig aangespreek en vir hom gesê dat sy reaksie vir my 'n bitter teleurstelling was en dat sy reaksie seer sekerlik as 'n skok vir die Eerste Minister sou kom. Ek het gesê dat as sy vrees gegrond was op enige assosiasie met ons troepe, dan kan ek daardie vrees vir hom uit die weg ruim. Niemand, het ek gesê, sou hom dit kwalik kon neem dat hy 'n besoek bring aan die hidro-elektriese skema by Ruacana en een of twee skole en klinieke en burgerlike aktiwiteite in die noorde van SWA besigtig nie. Trouens, dr. Waldheim se verteenwoordiger, mnr. Ahtisaari, het tesame met verskeie VVO-beamptes 'n toer van daardie noordelike gebiede onderneem met Suid-Afrikaanse hulp en niemand het dit hulle kwalik geneem nie. Ek kon nie begryp dat die Reagan-administrasie in hierdie opsig 'n standpunt links van dr. Waldheim kon inneem nie. Mnr. Clark het egter volgehou dat hy nie die toer sou kon onderneem nie. Hy het gesê dat so 'n toer 'n afwyking sou wees van die program wat hulle beoog het, naamlik om met die Suid-Afrikaners en die Suidwesters samesprekinge te voer in Kaapstad en in Windhoek en enige afwyking sou vir hom probleme veroorsaak. Dit was duidelik dat beide mnr. Abrams en dr. Crocker, met waarskynlik heelwat aanmoediging van Ambassadeur Edmondson, mnr. Clark sô die skrik op die lyf gejaag het dat hy in volslae vertwyfeling verval het en dat hy, uit sy oogpunt gesien, die veilige ding wou doen. Ons is vervolgens terug na die Eerste Minister se studeerkamer waar die besluit aan die Eerste Minister oorgedra is. Die Eerste Minister was, soos ekself en genl. Malan, nie gelukkig oor hierdie toedrag van sake nie. Die Eerste Minister het mnr. Clark onder andere meegedeel dat hy sy samesprekings met ons op die verkeerde grondslag begin het en dat hy ons suspisie dat die Amerikaners nie ernstig na 'n oplossing wil soek nie, versterk. In die omstandighede, het die Eerste Minister gesê, was daar niks meer wat hy mnr. Clark kon meedeel nie. Mnr. Clark se reaksie was dat hy in die omstandighede dadelik na Parys en vandaar na die VSA sou vertrek omdat daar nie veel hoop was om iets met die verdere samesprekinge te bereik nie.

Die Eerste Minister het hom daarop gewys dat ons die besoek aan die Noorde nie as 'n voorwaarde gestel het vir verdere samesprekings nie en sekerlik nie vir samesprekings met die interne partye van Suidwes-Afrika nie. Mnr. Clark het egter herhaal dat hy na Parys sou vertrek vir sy ontmoeting met die Europese Gemeenskapslande. Die atmosfeer was op hierdie tydstip taamlik dik en nadat daar gegroet is, het ek mnr. Clark gevra of hy nie tog die besigtigingstoer van die Skiereiland sou wou onderneem nie. Hy het ingestem en 'n aantal lede van albei afvaardigings is 'n rukkie later per helikopter daar weg.

Dit was duidelik dat mnr. Clark onder groot spanning verkeer het. Ek het die indruk gekry dat hy niks waargeneem het wat daar te sien was van Valsbaai, Simonstad en Kaappunt nie. Ons het by Kaappunt op 'n betreklik gelyke rotslys geland en die helikopter verlaat om na die Kaapse seeroete te kyk. Ek en genl. Malan het mnr. Clark eenkant toe geneem en met hom gesels. Ons het hom daarop gewys dat hy ons die vorige aand onder die vaste indruk gebring het dat hy met graagte die besoek aan die noordelike gedeelte van SWA sou wou bring en dat ons die Eerste Minister voor die tyd dien ten gevolge ingelig het. Hy moes probeer begryp dat ons hierdie soort reaksie van Amerikaanse kant nie langer kon aanvaar nie. Ook het ons hom meegedeel dat sy Ambassadeur hier in Suid-Afrika toelaat dat lede van die Amerikaanse Ambassade hulle inmeng met arbeidsaangeleenthede en by ons die suspisie gewek het dat hulle stakings aanmoedig, dat hulle inligtingskantoor in Soweto bydra tot subversiewe optrede aan die kant van swart radikale en dat die Amerikaanse militêre attaché belet was om die noordelike gedeelte van SWA te besoek. Ek het dit aan hom gestel dat ons òf eensgesind is omtrent die Russiese bedreiging teenoor Suider Afrika òf nie.

Indien genl. Haig en pres. Reagan opreg was oor wat hulle my hieromtrent meegedeel het in Washington, dan kan ons nie begryp waarom die VSA hom nie wil vergewis van die feite omtrent die noordelike gebied van SWA nie. Mnr. Clark het gesê dat hy nie bewus was van hierdie optredes van sy Ambassade nie en het aangedui dat hy ons posisie begryp. Hy het gevra wat ons nou te doen gestaan het.

Ek het voorgestel dat ons by aankoms te Ysterplaat verder in 'n kantoor moes gesels. Mnr Clark het ingestem.

By Ysterplaat het ek en genl Malan voorgestel dat mnr Clark 'n tweede besoek aan die Eerste Minister bring indien die Eerste Minister daartoe sou toestem. Mnr Clark het dadelik ingewillig. Die Eerste Minister het ook ingewillig. Hierna het genl. Malan en ekself teruggekeer na ons hotel in Kaapstad waar ons na middagete verdere samesprekings met mnr Clark gevoer het tot kort voordat die Eerste Minister mnr Clark om 15h50, Donderdag, 11 Junie, vir die tweede keer (hierdie slag in die Eerste Minister se kantoor) ontvang het. Mnr Clark het die Eerste Minister om verskoning gevra en gesê dat hy vir my en genl. Malan mislei het die vorige aand. Verder het hy sekere positiewe standpunte aan die Eerste Minister oorgegedra en op die wyse die lug tussen hom en die Eerste Minister gesuiwer.

Om 17h15 die middag van 11 Junie het die twee afvaardigings vir die eerste keer oor die spesifieke punte in my brief van 19 Mei 1981 aan genl. Haig, begin gesels.

Die volgende lede van die twee afvaardigings was by hierdie samesprekings teenwoordig:

RSA Minister R F Botha, Genl. M A de M Malan, Dr B G Fourie, Genl. P W van der Westhuizen, Mnr J A Eksteen, Mnr S M Cleary, Mnr D W Auret, Mej A Prinsloo.

VSA Regter W P Clark, Mnr Elliot Abrams, Dr Chester Crocker, Mnr D McElhaney, Mnr R Frasure, Ms N Ely.

Hierdie samesprekings wat gestrek het deur die aandete tot ongeveer 22h00 die aand het kortliks die volgende behels:

Ten aanvang van die samesprekings het dr Crocker, op versoek van mnr Clark, 'n uiteensetting gegee van die doel van die besoek. Hy het gesê dat die Verenigde State van mening was dat hulle en Suid-Afrika 'n gemeenskaplike benadering gevolg het ten opsigte van die regionale doelwitte wat albei lande nagestreef het. In die verband was daar geen begeerte aan die kant van die VSA om die Russiese vlag in Windhoek te sien wapper nie en ook geen begeerte dat mag in Suidwes-Afrika as gevolg van die dwang van 'n geweer oorhandig moet word nie. Dit was vir die VSA duidelik dat my brief aan generaal Haig die Suid-Afrikaanse standpunt in dié verband duidelik gestel het.

Die besoek het dit gevolglik ten doel gehad om die punte wat in die brief vervat is verder te voer en om te be= raadslaag oor aspekte soos grondwetlike waarborge. Hy het gesê dat die grondwetlike aspekte wat ek geopper het ooreenstem met die begeertes van die VSA ten opsigte van die Gebied. Dit was die VSA se doel om na Windhoek te gaan ten einde hierdie aspekte te

/19 bespreek

GEHEIM

bespreek en nie om enige besluite te verkry nie. Die VSA het slegs be-oog om 'n raamwerk te verkry waarvolgens dit kon beweeg en nie om elke klousule noukeurig te bepaal nie.

Dit was die VSA se standpunt dat die proses wat hulle aan die gang wou kry moes lei tot 'n internasionaal aanvaarbare oplossing. Indien dit duidelik was dat dié doelwit nie bereik kon word nie, was die VSA nie bereid om deel daaraan te hê nie. Dit moes egter ook duidelik gestel word dat die stadium waar na die fyn druk gekyk word, nog nie bereik is nie. My brief aan genl. Haig wat die spesifieke punte oor waarborge uitgelig het, het nie vir die VSA probleme geskep nie. Wat die ander punte in die brief betref, en spesifiek punte 1(a) en (b) en 2, was dit egter nie vir die VSA heeltemal duidelik wat Suid-Afrika in gedagte gehad het nie. Die VSA het egter steeds in gedagte gehou dat Suid-Afrika 'n soewereine staat was en dat hy sy optrede in die lig kon plooi.

Ek het aan mnr Clark gesê dat genl. Haig dit duidelik aan my gestel het tydens my besoek aan Washington dat President Reagan gevoel het dat die VSA nie deel sou neem aan 'n "charade" nie. Die VSA sou dan liever van die proses onttrek. Sodanige optrede sou natuurlik ernstige gevolge inhou. Ek het teenoor genl. Haig aangedui dat ons met dié standpunt saamstem en het onderneem om Suid-Afrika se vereistes in verband met Suidwes-Afrika aan hom oor te dra. Generaal Haig het dit nie blatant gesê nie, maar het aan my 'n eerlike, reguit mening gegee, naamlik om nie oor die Suid-Afrikaanse standpunt te onderhandel nie. Generaal Haig het bygevoeg dat indien Suid-Afrika se

/20 standpunt

standpunt te ver van die teiken was, die VSA en Suid-Afrika sou moes ooreenkom om dinge dan te beëindig. Die VSA was nie bereid om deel te word van 'n proses wat vir President Reagan probleme kon skep nie.

Ek het gesê dat dit nog nie vir Suid-Afrika duidelik was wat die VSA se posisie met betrekking tot Suidwes-Afrika was nie en hoe daar voortgegaan moes word aangaande die aspekte in my brief aan genl. Haig wat nie vir die VSA aanvaarbaar was nie.

My eie gevoel was dat punte 3 - 6 van my brief (die kwessie van waarborge) aspekte aangeroeer het wat met die binnelandse politieke partye bespreek moes word. In die verband het ek opgemerk dat daar die vorige week samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse Kabinet en die politieke partye plaasgevind het en dat laasgenoemde wou weet wat die VSA met hulle sou opper. Die partye is versoek om hulle standpunte met betrekking tot punte 3 - 6 voor te berei en hulle was gevolglik gereed om hierdie aspekte breedvoerig met die VSA te bespreek. Ons sou gevolglik nie enige van hierdie punte met die VSA behandel nie.

Wat punte 7 (die insluiting van Suid-Afrika as 'n borg ten opsigte van die waarborge waarop die binnelandse politieke partye aandring) en 9 (die kwessie van Walvisbaai) van my brief betref, sou ons graag ons standpunte verder wou toelig. Punt 8 (dat die VSA, gesamentlik of afsonderlik met die Westerse kontakgroep, en in oorleg met die belangrikste demokratiese partye, besonderhede sou verkry van die formulering en omvang van die verlangde waarborge, voordat die onafhanklikheidsproses begin), het eintlik verwys na 'n proses wat reeds aan die gang was en het nie bespreking geverg nie. (In verband met punt 8 het mnr

/21 Clark

Clark gesê dat die VSA 'n ernstige poging aanwend om daaraan te voldoen).

Dr Crocker het geantwoord dat wat punte 3 tot 6 van my brief betref, hulle die posisie besef het en dat hulle derhalwe na Windhoek sou reis om met die binnelandse partye samesprekings te voer. Die VSA se voorgestelde agenda vir dié samesprekings was op hierdie punte gebaseer. Die VSA was van mening dat die insette van die binnelandse partye belangrik was.

Ek het die VSA gewaarsku dat hulle ernstige probleme van sekere partye in verband veral met punte 4 tot 6 kon verwag, maar dat daar ander sou wees wat nie dieselfde heftige reaksie sou openbaar nie.

Na aanleiding van 'n vraag van mnr Clark in verband met punt 7 (die insluiting van Suid-Afrika as een van die lande wat die waarborge sou borg) het ek gesê dat ek eers die saak met die Eerste Minister sou wou bespreek. Indien daar egter vooruitgang was wat die ander aspekte betref, sou dit moontlik nie nodig wees om die stappe wat in hierdie verband gedoen sou moes word, uit te spel nie. Sonder om my enigszins te kompromitteer, wou ek aan mnr Clark aandui dat punt 7 moontlik nie 'n onoorkomelike probleem mag wees nie.

Dr Crocker het vervolgens na punt 9 (Walvisbaai) verwys en gesê dat die insluiting van hierdie vraag vir die VSA 'n probleem was. Die Reagan Administrasie het die standpunt gehuldig dat die kwessie van Walvisbaai iets was wat tussen die Suid-Afrikaanse regering en dié regering van 'n onafhanklike Suidwes-Afrika opgelos moes word. Dit

/22 het

GEHEIM

-22-

het niks met die VSA te doen gehad nie, maar was uitsluitlik iets waaroor Suid-Afrika sou moes besluit.

Ek het gesê dat ons nie op punt 9 sou aandrang nie op voorwaarde dat Suid-Afrika nie later gekonfronteer word deur 'n situasie waar die VSA akkoord gaan met 'n besluit van die VN Algemene Vergadering nie, naamlik dat Walvisbaai deel van Suidwes-Afrika se grondgebied is nie. Ek het aanvaar dat die VSA nie daartoe kon toestem dat die VN by wyse van meerderheidstem internasionale reg kon skep nie.

Mnr Abrams het dit gestel dat die VSA met die Suid-Afrikaanse standpunt akkoord gaan. Hy het bygevoeg dat wanneer gepraat word oor onafhanklikheid vir Suidwes-Afrika, Walvisbaai nie deel van daardie besprekings sou vorm nie. Die VSA was geensins van plan om aan Suid-Afrika voor te skryf of dit met die regering van 'n onafhanklike Suidwes-Afrika moes of nie moes onderhandel nie.

Ek het gesê dat indien ek dié standpunt van die VSA aan die Suid-Afrikaanse Regering kon oordra, en daar kon op hierdie standpunt staatgemaak word, kon die verwyssing na Walvisbaai weggelaat word. Ek wou dit egter pertinent onder mnr Clark se aandag bring dat Suid-Afrika in die verlede deur die Weste oor hierdie saak in die steek gelaat is. Ons was nie bereid om te aanvaar dat dit weer gebeur nie.

Mnr Abrams het die VSA standpunt herbevestig en gesê dat Walvisbaai nie bespreek sou word tydens onderhandelings om onafhanklikheid vir Suidwes-Afrika te bewerkstellig nie.

/23 In

GEHEIM

GEHEIM

In antwoord op my vraag oor die standpunt van die VSA met betrekking tot punte 1 (UNTAG) en 2 (die bewerkstelling van 'n staakvuur deur middel van direkte same-sprekings tussen Suid-Afrika en die state wat Suidwes-Afrika begrens) het mnr Abrams gesê dat hulle gevoel het dat die Eerste Minister eerlik en reguit die Suid-Afrikaanse standpunt gestel het. Hulle was dankbaar dat die Eerste Minister die vraag so benader het - dit was baie nuttig. Die VSA het die Eerste Minister se opmerking dat die Suid-Afrikaanse regering nie kon instem dat 'n groot mag van blou-helms in Suidwes-Afrika toegelaat word nie, beskou as die sleutel tot Suid-Afrika se benadering ten opsigte van die militêre komponent van UNTAG. Die VSA het begrip gehad vir die standpunt dat so 'n groot mag gesien sou word as 'n bondgenoot van SWAPO, met die uitsluitlike doel om 'n SWAPO-regering in Suidwes-Afrika te vestig. Voorts was daar ook begrip vir die standpunt dat Suidwes-Afrika onder sulke omstandighede in die steek gelaat sou word en dat enige verkiesings wat sou volg nie vry en regverdig sou wees nie. Die vraag moes gevolglik gestel word: watter wysigings ten opsigte van die militêre komponent van UNTAG kon binne die konteks van Resolusie 435 aangebring word wat steeds sou verseker dat die oplossing wat gevind word, internasionaal aanvaarbaar sou wees. Die VSA was daarvan bewus dat daar ten opsigte van die militêre komponent van UNTAG sekere beperkings was. Internasionaal gesproke was een van hierdie beperkings dat daar een of ander rol aan UNTAG gegee sou moes word. Dit sou miskien moontlik wees om te onderhandel oor die grootte, samestelling en ontplooiing van die militêre komponent sodat die mense van die Gebied, enersyds, nie dink dat die mag in Suidwes-Afrika aan òf die VN òf SWAPO oorhandig word nie en dat die internasionale gemeenskap, andersyds, nie sê dat Resolusie 435 sondermeer vernietig

is nie. Die doelstelling in Suidwes-Afrika was vry en regverdig verkiesings en indien daardie doelwit deur almal aanvaar word, was vooruitgang moontlik.

Mnr Clark het bygevoeg dat niemand wou sien dat 'n besettingsmag in Suidwes-Afrika ontplooi word nie. Die Wesvyf sou hierdie punt moes aanvaar, aangesien dit 'n diepliggende bekommernis was. Hy was seker dat die openbare mening in die VSA en elders begrip sou hê vir 'n vergelyking tussen die Kubane in Angola en 'n UNTAG militêre teenwoordigheid in Suidwes-Afrika.

Dr Crocker het gesê dat UNTAG deur almal erken word as die kern van Resolusie 435. Die doel moes dus nie wees om daardie kern te verwyder nie, maar om Resolusie 435 te versterk. Derhalwe was dit sy gevoel dat die simboliek van UNTAG verwyder moes word terwyl iets wat die ander kant steeds kon aanvaar, behoue moes bly.

Ek het gesê dat ons sterk met dr Crocker verskil oor sy standpunt dat UNTAG die kern van Resolusie 435 was. Die kern was inderdaad dat vry en regverdig verkiesings moes plaasvind. Die ander aspekte van Resolusie 435 was slegs metodes om by die kern uit te kom. Ek het kortliks aan die VSA-afvaardiging die verloop van die onderhandelings oor die kwessie van UNTAG en die getal militêre personeel wat vir Suid-Afrika destyds aanvaarbaar was, geskets.

Dr Crocker het gesê dat die VSA nie daardie ongelukkige geskiedenis wou bespreek nie. Die Wesvyf het in die verlede die onderhandelings vanuit 'n gegewe gedagtegang benader. Die VSA het nie sodanige benadering gesteun nie en hulle doel was om vooruitgang te maak ten opsigte van gemeenskaplike bekommernisse.

GEHEIM

-25-

Ek het gesê dat ek ook gehoop het om sekere aspekte, wat nie in my brief aan genl. Haig vervat was nie, te bespreek. Ek wou graag van die VSA verneem wat hulle gevoel was oor die vestiging van 'n Sowjet-beheerde regering in Suidwes-Afrika. Die wortel wat die VSA aangebied het was dat indien Suidwes-Afrika opgelos word, dit vir die VSA makliker sou wees om Suid-Afrika te help en verhoudings kon dan genormaliseer word. Die druk teen die VSA as gevolg van die Suidwes-Afrika vraagstuk sou ook dan verminder. Die probleem was egter dat indien dinge in die Gebied verkeerd loop, sou die hele suidelike Afrika verlore gaan. Suid-Afrika het 'n groot prys betaal ten opsigte van Zimbabwe. Na die onafhanklikwording van Zimbabwe het Suid-Afrika probeer om die land behulpsaam te wees. Die Kabinet het sekere lenings vir Zimbabwe goedgekeur en Suid-Afrika het 'n lae profiel houding teenoor die land ingeneem. Mnr Mugabe het egter deur sy optredes en uitsprake dit vir Suid-Afrika onmoontlik gemaak om sy land te help.

Dit was duidelik dat indien Suid-Afrika en die VSA mekaar wou verstaan, daar binne die volgende paar weke een of ander ontmoeting tussen elk se gedagteganges moes wees. Dit kon op 'n vertroulike grondslag geskied. Die probleem was egter om te bepaal hoe ernstig die VSA was dat Suidwes-Afrika nie onder Russiese beheer val nie. Indien die VSA hulle posisie hieroor nie wou uitspel nie, kon Suid-Afrika dan minstens aanvaar dat dit vir SWAPO so moeilik as moontlik gemaak sou word om 'n verkiesing in die Gebied te wen? Het die VSA met Suid-Afrika saamgestem dat SWAPO nie in Suidwes-Afrika moes wen nie? Suid-Afrika was bewus van die verskil in standpunt tussen die VSA en die res van die Wesvyf. Dit was egter ons indruk dat daar nie absolute helderheid tussen Suid-Afrika en die VSA was ten opsigte van mekaar se doelwitte in Suidwes-Afrika nie. Suid-Afrika moes weet waar hy staan oor kardinale punte. Suid-Afrika se posisie was duidelik: SWAPO mag nie toegelaat

GEHEIM

word om 'n verkiesing in Suidwes-Afrika te wen nie. Ons was nie bereid om 'n oorlog op die Kunene te verruil vir 'n oorlog op die Oranje nie.

Mnr Clark het gesê dat die VSA daarvan bewus was dat hierdie saak vir Suid-Afrika die mees kommerwekkende was. Dr Crocker het bygevoeg dat die VSA se standpunt was dat daar geen vrede in Angola kon wees tensy dr Savimbi deel gehad het aan enige skikking nie. Dit was VSA-beleid. Die VSA het ook geglo dat daar nie 'n internasionaal aanvaarbare oplossing in Suidwes-Afrika gevind sou kon word tensy SWAPO toegelaat word om aan die verkiesing deel te neem nie. SWAPO was nie 'n kandidaat wat deur die VSA gesteun word nie, maar die organisasie sou aan die verkiesing moes kon deelneem indien enige skikking internasionaal aanvaarbaar sou wees.

Dr Fourie het gesê dit word aangeneem dat die VSA bereid sou wees om 'n situasie teweeg te bring waar daar 'n redelike kans vir die ander partye was om die verkiesing te wen. Terselfdertyd sou die risiko dat SWAPO wen, so vermoontlik beperk word. In dié verband was die militêre komponent van UNTAG die grootste risiko.

Dr Crocker het gemeen dat dit nie sou moontlik wees om die verskillende elemente te manipuleer nie, maar dr Fourie het gesê dat onthou moes word dat die militêre komponent van UNTAG aan SWAPO sy grootste voordeel sou besorg.

Mnr Abrams was van mening dat daar twee maniere was om hierdie saak te hanteer: dit wat voor onafhanklikheid gedoen kon word en dit was na onafhanklikheid gedoen kon word. Wat die tydperk voor onafhanklikheid betref, was dit duidelik dat een of ander oplossing rondom die militêre komponent van UNTAG gevind sou moes word. Die situasie na onafhanklikheid sou gedek word deur aspekte soos waarborge en beginsels wat gebruik sou kon word om die regering van 'n onafhanklike Suidwes-Afrika te betoel. Die

doelwit van die VSA was om 'n oplossing te probeer verkry wat beide Suid-Afrika se belange beskerm en wat internasionale aanvaarding bewerkstellig. Die VSA het begrip gehad vir Suid-Afrika se probleem met die militêre komponent van UNTAG en die sogenaamde blou helms. Moontlike alternatiewe sou egter moes ondersoek word.

Ek het weereens gevra of die VSA bereid sou wees om die risiko van 'n SWAPO-regering in Suidwes-Afrika te aanvaar.

Mnr Clark het geantwoord dat die VSA bereid was om ernstig na Suid-Afrika te luister wat betref Suid-Afrika se sienswyse oor hoe om die risiko dat SWAPO 'n verkiesing in die Gebied kon wen, te minimiseer. Alhoewel die VSA van mening was dat hulle nie kon verseker dat SWAPO nie 'n verkiesing wen nie, sou dit enige redelike stappe doen om dit teen te werk. Die VSA sou alles in sy vermoë doen om dit wat Suid-Afrika in Suider-Afrika gevrees het, teen te werk. Ander aspekte wat met hierdie standpunt verband gehou het, was natuurlik die tydsberekening van die verkiesing en die herroeping van die Clark-amendement.

Ek het gesê dat ek glo wat mnr Clark vir my sê, maar ek was dit aan hom verskuldig om kortliks die moontlike nagevolge te skets. Dit was 'n feit dat indien Suidwes-Afrika deur SWAPO regeer sou word dan sou daar 'n ernstige risiko ontstaan dat die Russe vir Suid-Afrika vanuit die Gebied bedreig. Suid-Afrika sou dan moet besluit om die Gebied weer binne te val ten einde sy belange te beskerm. So 'n situasie sou vir die VSA waarskynlik onaanneemliker wees as die status quo. As SWAPO Suidwes-Afrika sou regeer, sou Botswana direk bedreig word, dr Savimbi sou uitgeskakel word en Suid-Afrika sou geheel-en-al omring wees met Russies-geïnspireerde magte. Indien die hele Suider-Afrika dan

uiteindelik onder Russiese dwingelandy sou kom sou die strategiese seeroete om die Kaap en die kritiese minerale vir die Weste verlore wees.

Mnr Clark het gevra of hy dan aan President Reagan en die res van die Wesvyf kon sê dat die VSA se plan in Suidwes-Afrika afhang van die aspekte wat reeds bespreek is.

Dr Fourie het gevra wat die basiese filosofie van die VSA was. Ek het die VSA se siening so opgesom: As die VSA bereid was om die risiko te loop dat 'n SWAPO-regering in Suidwes-Afrika aan bewind kom, dan het die vraag ontstaan of Suid-Afrika ook bereid moes wees om daardie risiko te loop. Dit was duidelik dat die ander lede van die Wesvyf bereid was om te aanvaar dat SWAPO in Suidwes-Afrika aan bewind kon kom - die vraag was egter nou of die VSA ook bereid was om die risiko te aanvaar.

Mnr Clark het gesê dat hy dit duidelik moes stel dat indien Suid-Afrika nie bereid was om daardie risiko te aanvaar nie, die VSA nie aan Suid-Afrika sou voorskryf dat hy dit moet doen nie. Dit sou onverantwoordelik van die VSA wees om soiets te doen. Wat nodig was, was dat die VSA en Suid-Afrika mekaar oor hierdie aspek vind.

Mnr Abrams het bygevoeg dat dit die VSA se voorneme was om Sowjet ekspansionisme en invloedsuitbreiding in Afrika te stuit. Die verskil tussen die Carter-administrasie en die Reagan-administrasie was dat eersgenoemde in terme van 'n Noord/Suid stryd gedink het terwyl die Reagan-administrasie van mening was dit dit eerder 'n Oos/Wes stryd was.

Mnr Clark het bygevoeg dat genl. Haig reeds duidelik die VSA se houding oor die Kubane uitgespel het. Hy was van

/29 mening.

mening dat die Kubane uit Angola verwyder moes word en dat indien dit sou gebeur sou die nuwe situasie wat in Angola sou ontstaan 'n oplossing in Suidwes-Afrika vergemaklik. Alhoewel die Suid-Afrikaanse posisie duidelik was, naamlik dat daar geen blou helms in Suidwes-Afrika toegelaat sou word nie, het die VSA egter gevoel dat die Suid-Afrikaanse regering 'n mate van buigzaamheid ("flexibility") aan die dag moes lê. Dit was sy taak om die beginsel van buigzaamheid, tot die mate wat Suid-Afrika dit sou toelaat, te bepaal. Dit moes onthou word dat die res van die Wesvyf op 'n rol vir UNTAG sou aandring, maar die VSA wou byvoorbeeld nie nou reeds oor getalle praat nie.

Ek het gesê dat ons huidige standpunt was dat ons nie 'n militêre komponent van UNTAG in die Gebied sou kon toelaat nie en dat ek dit onomwonde aan genl. Haig gestel het. Die VSA weet wat ons redes vir hierdie standpunt is. Soos sake staan kan ons nie van hierdie standpunt afsien nie. Ek het nie kans gesien om die VSA te mislei nie. Eerder as om dit te doen moet die VSA hom onttrek aan pogings om 'n oplossing te verkry. Suid-Afrika sou dan liever die stryd wat sou volg, alleen aanpak.

Generaal Malan het bygevoeg dat benewens hierdie aspek, die kwessie van die vermindering van Suid-Afrikaanse magte in die Gebied ook 'n kardinale aspek was wat aangespreek sou moes word.

Mnr Abrams het gevra of die situasie sou verander indien daar nie meer Kubaanse troepe in Angola was nie.

Ek het gesê dat daar dan 'n hele nuwe toestand sou ontstaan het.

Toe ons die aand vir mekaar nag gesê het, het ons dus die punt bereik waar ons 'n begrip vir mekaar se probleme gehad het maar sonder dat mnr Clark enige verwagting gekoester

het dat daar 'n uitweg uit die impasse bereik sou word. Hulle sou vroeg die volgende oggend na Windhoek vertrek vir samesprekings met die interne partye en ons het tentatief met mekaar ooreengekom dat ek en genl. Malan hom die volgende aand, 12 Junie, in Windhoek sou spreek ten einde vas te stel waar ons dan teenoor mekaar sou staan.

Op 12 Junie 1981 het mnre Eksteen, Auret en Cleary vroeg na Windhoek vertrek om op my instruksie die A.G. en mnre Mudge en Du Plessis in te lig oor die gesprek wat die vorige aand in Kaapstad tussen my en mnr Clark tesame met lede van ons onderskeie afvaardigings plaasgevind het. As riglyn het mnr Eksteen die VSA se oogmerke met betrekking tot Suidwes-Afrika opgesom en aan mnre Hough, Mudge en Du Plessis (lg. is ook bygestaan deur mnre Van Zijl en Pretorius) gestel dat die VSA

- nie die Russiese vlag in SWA wil sien waai nie,
- nie wil sien dat mag oorhandig word as gevolg van geweld nie, d.w.s. nie as gevolg van 'n geweer wat teen die kop gehou word nie,
- met die grondwetlike waarborge saamstem soos wat ek dit in my brief aan genl. Haig geformuleer het,
- hul besoek aan Windhoek gaan gebruik om die waarborge te bespreek en nie om enigiets te finaliseer nie,
- breë beginsels met betrekking tot waarborge wil daarstel en nie paragrawe (details) wil kom uitwerk nie,
- wil poog om 'n internasionaal aanvaarbare oplossing te verkry sodat SWA uit die internasionale kalklig geneem kan word, maar om dit te bereik sal SWAPO toegelaat moet word om aan 'n verkiesing deel te neem, m.a.w. dat SWAPO nie kan beweer dat alles onmoontlik vir hulle gemaak word om aan so 'n verkiesing deel te neem nie,

GEHEIM

- in hierdie soeke na so 'n oplossing reken dat UNTAG gemodifiseer sal moet word sodat Veiligheidsraad= resoluie 435 nog vir die VN aanvaarbaar bly en die indruk nie geskep word dat dit verwerp word nie,
- UNTAG nie as besettingsmag sien nie en dat die ander vier in die Kontakgroep dit ook sal moet insien, en
- die Kubane en Sowjetinvloed in Angola wil uitkry en dat Savimbi 'n faktor sal bly.

Na hierdie uiteensetting het mnr Eksteen aan mnre Mudge en Du Plessis genoem dat hulle moontlik sou wou oorweeg om in hul gesprekke met mnr Clark vrae of stellinge te maak ten einde 'n beter begrip van die Amerikaanse posisie te bekom, soos byvoorbeeld

- wat is die VSA se doel in en met SWA,
- is dit korrek dat die VSA nie 'n Marxistiese bewind in SWA wil sien - d.w.s. een wat teen VSA se belange sal werk - nie,
- is die VSA ernstig om die Kubane uit Angola te kry (oor die metodes hoef nie vrae gestel te word nie),
- terwyl die Kubane in Angola is, sal 'n vrye verkiesing in Suidwes-Afrika nie moontlik wees nie,
- wanneer hulle uit Angola is, is daar 'n totaal nuwe situasie, en
- hierdie nuwe situasie gebruik moet word om waarde-sisteme en demokratiese beginsels in Suidwes-Afrika te vestig sodat die verwydering van die Kubane uit Angola nie verruil word vir Marxisme in Suidwes-Afrika nie.

Albei mnre Mudge en Du Plessis het hul dank uitgespreek oor die gedagte dat hulle vooraf ingelig was sodat hulle 'n beter begrip kon hê van hoe hulle hul eie aanbiedinge moes hanteer. Die A.G. het ook aangedui dat hierdie inligting besonder nuttig was. In al die gesprekke het mnr Eksteen genoem dat ek die vorige aand aan mnr Clark beklemtoon het

dat lg. nog veel meer kritiek oor en weerstand teen 'n militêre komponent van UNTAG van die binnelandse partye sal moet verwag as wat hy van Suid-Afrika sal kry. Beide mnr Mudge en mnr Du Plessis is versoek om sterk standpunt hieroor in te neem sonder om enige deure te sluit of gedagtes af te skiet. Ek het hierdie opdrag aan mnr Eksteen gegee weens die feit dat ek, genls. Malan en Van der Westhuizen en dr Fourie teen daardie tyd samesprekings oor onder andere die onderwerp met Sy Edele die Eerste Minister sou voer. Met betrekking tot waarborge het mnr Eksteen aan mnre Mudge en Du Plessis genoem dat hulle onderskeie partye nou 'n gulde geleentheid het om hul standpunte hieroor te stel. Mnr Mudge het in die verband opgemerk dat die hoofwaarborg waarin die DTA belangstel is om verseker te wees dat 'n vrye en regverdige verkiesing wel sal plaasvind want dan is hy en sy party seker dat hulle SWAPO kan verslaan. Aan die einde van die gesprek het mnr Mudge vertel dat die Amerikaanse ambassade aan sy party genoem het hoeveel en wie hy na die ontmoeting met mnr Clark kan bring. Mnr Eksteen het vir mnr Mudge gesê dat hy self kan bepaal hoeveel lede van sy afvaardiging hy saam met hom kan neem en mnr Mudge het aangedui dat hy die saak by die aanvang van die gesprek sou aanroer.

Ek en genl. Malan, dr Fourie en genl. Van der Westhuizen het om 07h15, Vrydagoggend, 12 Junie, verslag aan die Eerste Minister gaan doen oor die vorige dag se samesprekings en, veral in die lig van die Amerikaanse mededeling aan ons dat die Kubane gedwing sou word om Angola te verlaat, is besluit dat ek mnr Clark soos volg kon meedeel:

"1. We accept your affirmation that the Cubans must and shall leave Southern Africa. We also understand that steps to bring this about will be initiated in the near future.

2. It is accepted that Savimbi will be assisted appropriately. Furthermore, South Africa should not be forced out of South West Africa in such a way that Savimbi cannot be assisted.
3. We cannot accept the establishment of a Marxist regime in South West Africa.
4. South West Africa should not be prevented from participating in the economic environment of Southern Africa.
5. The right of minority groups should be safeguarded.
6. On the basis of the foregoing South Africa could be flexible in regard to military observers. South Africa would be willing to accept a limited number of such military observers (blue helmets) to be deployed along the northern border. It is assumed that such personnel will be made available by countries acceptable to South Africa. Furthermore, their arrival will be co-ordinated with the exodus of the Cubans from Angola who will not be replaced by other hostile forces."

Ek, genl. Malan, dr Fourie en genl v.d. Westhuizen het ongeveer om 11h00 te Windhoek geland. Ons het die Administrateur-generaal en sy personeel volledig ingelig oor die gebeure in Kaapstad.

Hierna het ons (die Suid-Afrikaners en die A.G. en sy personeel) na Windhoek vertrek waar ons 'n werksmiddagete geniet het in die Hoofkommandement van Suidwes-Afrika met genl. Lloyd as gasheer. Daar aangekom skakel Ambassadeur Edmondson dr Brand Fourie en deel hom mee dat mnr Clark en sy geselskap nie die aand die onthaal wat die A.G. en mev. Hough vir die twee afvaardigings gereël het sou kon bywoon nie omdat die Amerikaners tyd nodig sou hê om onder mekaar te praat nadat hulle die interne partye gespreek het.

/ 34 Ambassadeur

Ambassadeur Edmondson het voorgestel dat ek en genl. Malan na mnr Clark se hotel moes kom die aand en dan kon ons daar ons samesprekings afsluit. Dr Fourie het hom kortaf meegedeel dat ons nou genoeg gehad het van "extraneous factors" wat voortdurend verhoudings versuur en hom ge-waarsku dat ek hierdie voorstel nie sou aanvaar nie. Ek het mnr Clark vervolgens geskakel en eers vir hom gesê dat ek en genl. Malan vroeg daardie oggend verdere samesprekings met die Eerste Minister gevoer het oor die netelige kwessie van buigzaamheid aan ons kant wat betref die aanvaarding van 'n militêre komponent van UNTAG en dat ek van mening was dat ek goeie nuus vir hom gehad het hieromtrent. Ek het bygevoeg dat ek die goeie nuus later die aand wanneer ons finaal sou ontmoet aan hom sou oordra en verduidelik. Hy was besonder bly om dit te hoor. Hierna het ek vir hom gesê dat as hy en sy geselskap nie die A.G. se onthaal die aand bywoon nie hulle 'n stank van die ergste graad sou veroorsaak. Die A.G. is my Regering se verteenwoordiger in die Gebied en as hulle nou kop uitdraai beledig hulle nie net die A.G. as persoon nie maar ook my Regering. Die A.G. het niks skelms in die mou gevoer met die onthaal nie maar wou bloot gasvryheid aan hulle betoon. Verder was dit die gedagte dat hy, ek en genl. Malan na sy aankoms by die A.G. se woning ons sou onttrek na sy studeerkamer om ons afrondingsgesprek te voer. Hy moes besef dat ek eenvoudig nie onder hierdie omstandighede hom in sy hotel kon gaan besoek om ons afrondingsgesprek te voer nie. Mnr Clark het sonder huiwering gesê dat ek kon aanvaar dat hulle die onthaal by die A.G. die aand sou bywoon. Ambassadeur Edmondson het 'n rukkie later vir dr Brand Fourie geskakel om te sê "Judge Clark has changed his mind and will now attend the function of the Administrator-General". Ek verstrek die feite oor hierdie episode om u 'n aanduiding te gee van die kleinlikhede waarmee sekere lede van mnr Clark se afvaardiging hulle deurgaans besig gehou het.

GEHEIM

Mnr Clark en sy geselskap het om 11h30 begin met same-
sprekings met die interne partye van Suidwes-Afrika en hulle
het gedurende die loop van die dag samesprekings met die
volgende partye gevoer:

- | | | | |
|-------|-----------------------|-------|-----------------------|
| 11h30 | DTA | 17h00 | FEDERALE PARTY & NCDP |
| 14h15 | SWANU & NNF | 17h45 | NOP |
| 15h00 | AKTUR | 18h15 | SWAPO (D) |
| 16h00 | SWAPO
(BINNELANDS) | 19h00 | KERKLIKES |

Vrydagaand het die Administrateur-generaal 'n braaivleis
gereël vir die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse afvaardigings.
Mnr Clark en sy geselskap het om 20h50 by die Administrateur-
generaal se huis opgedaag en kort daarna het ek, genl. Malan
en hy onttrek om in die Administrateur-generaal se studeer-
kamer 'n vertroulike gesprek te voer oor Suidwes-Afrika en
oor ons siening van die pad vorentoe. Ek het begin deur
vir hom 'n dokument te gee wat die Suid-Afrikaanse standpunt
oor die toelating van VN-troepe, soos hierbo aangehaal, te
gee. Ek het ons standpunt verder toegelig en gesê dat
die voorwaardes wat ons stel eintlik niks nuuts bevat nie
maar gebaseer is op stellings en standpunte wat die afge-
lope paar maande deur òf genl. Haig òf President Reagan
self gemaak en gestel was. Dit was duidelik dat mnr Clark
gelukkig gevoel het oor hierdie verloop van sake. Ons het
in die verdere verloop van die gesprek aan hom inligting
oorgedra oor dr Savimbi en UNITA en oor 'n aantal spesifieke
onderwerpe. Ons het in die loop van ons gesprek die ge-
leentheid gehad om met hom openlik te praat oor ons geskie-
denis en ons strewe as volk. Ons het die indruk gekry dat
mnr Clark self nie net begrip vir die blanke in Suid-Afrika
het nie, maar graag sou wou sien dat ons voortbestaan ver-
seker word en dat Suid-Afrika en Amerika op 'n wyse, wat nie
een in die verleentheid stel nie, die stryd teen die Russe
sou kon aansê.

Wat betref mnr Clark se eggenote, het my eggenote haar in Kaapstad rondgeneem en in die beperkte tyd wat beskikbaar was vergesel op 'n uitstappie na Tafelberg se kruin, Groot Constantia en Kaappunt. In Suidwes-Afrika het die dames, vergesel van mev. Hough, 'n besoek aan die Etosha-pan gebring waar hulle onder andere die unieke ervaring gehad het om te sien hoe 'n leeuwyfie en haar drie welpies 'n koedoebul opvreet wat kort voor hul aankoms deur die leeuwyfie gevang was. Hulle was verder gelukkig om 'n groot verskeidenheid wild te sien. Kort voor die vertrek van die dames uit die Etosha-wildreservaat het mev Edmondson teenoor mev. Clark opgemerk, met verwysing na die beamptes en die wildbewaarders van Etosha: "Haven't they been nice to us", waarop mev. Clark geantwoord het: "Everybody has been nice to us since our arrival in South Africa".

Toe ons Vrydagaand, 12 Junie, van die Clarks afskeid geneem het by die Administrateur-generaal se woning, was mnr Clark nogal optimisties dat die VSA die Kubane uit Angola sou kry, dr Savimbi sou kon help om of 'n oorwinning te behaal of om 'n magsoorsisie in Angola te bereik en die pad dan op so 'n wyse te baan om SWAPO in Suidwes-Afrika te verslaan. Mev. Clark was in vervoering oor haar besoek aan Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Ons is as vriende uitmekaar. Dit wil egter nie sê dat die struikelblokke wat steeds in die pad staan van 'n internasionaal aanvaarbare skikking uit die weg geruim is nie of uit die weg geruim sal word nie.

Die verklaring wat ek na afloop van mnr Clark se besoek uitgereik het, weerspieël na my mening die stand van sake soos by mnr Clark se vertrek. Die verklaring word hieronder aangehaal:

"Ek het steeds geen illusies omtrent die omvang van die probleme wat nog oorkom sal moet word voordat 'n internasionaal aanvaarbare skikking bereik sal kan word nie. Dit moet egter onthou word dat ons met 'n kwessie te doen het wat vir 35 jaar 'n twispunt in die internasionale arena is.

Wat Adjunk-minister Clark se besoek aanbetref, wil ek op hierdie tydstip volstaan deur te sê dat sy besoek op drie terreine vordering teweeg gebring het:

1. Wedersydse vertroue is verder uitgebou.
2. Daar is van Amerikaanse kant op hoë vlak met belangrike interne partye van Suidwes-Afrika direk gesels. Hierdie is 'n belangrike faset juis weens die voorkeursbehandeling wat die VVO aan SWAPO toebedeel.
3. Die Amerikaanse regering is aan sekere werklikhede gebind net soos die Suid-Afrikaanse regering aan sekere werklikhede gebind is. Ons het met hierdie samesprekings 'n beter begrip verkry van die twee stelde werklikhede waarmee die twee regerings gekonfronteer word en na my mening is daarvordering gemaak om op die grondslag van erkenning van hierdie werklikhede nader te beweeg na 'n basis waarop 'n skikkingsplan gebou kan word.

Ek moet egter herhaal dat daar nog 'n lang en moeisame pad vir ons voorlê."

Mnr Clark sal waarskynlik teen einde Junie 1981 persoonlik aan President Reagan verslag doen oor sy besoek aan Suid-Afrika en Suidwes-Afrika asook aanbevelings doen oor verdere VSA optrede. Ek twyfel of die VSA daarin sal slaag om selfs hul Europese bondgenote se steun te kry vir verdere onderhandelings om van SWAPO en die OAE nie eers te praat nie. Hoe dit ookal sy: indien ons minstens die VSA se simpatie kan behou omrede van wat ons hulle aangebied het sou ons heelwat bereik het.

U sou waarskynlik gelees het dat die Sunday Times van 14 Junie 1981 beweer het dat ek gepoog het om dr Crocker uit te sluit van vergaderings tussen die twee afvaardigings in Kaapstad. Vir u inligting word 'n kopie van die verklaring wat ek hieromtrent uitgereik het aangeheg.

/38 Op

Op 7 Junie 1981 het dr Crocker voor die Huis van Verteenwoordigers se Sub-komitee oor Afrika, getuienis oor Suidwes-Afrika gelewer. Die teks van hierdie getuienis word ook aangeheg.

Dr Crocker het niks gesê wat nie basies ooreenstem met die posisie toe ek van mnr Clark in Windhoek afskeid geneem het nie. Dr Crocker bevestig dat die VSA regering teen die einde van Junie hul analise gefinaliseer mag hê. Ons sal derhalwe tot dan moet wag om te sien of die VSA met sy inisiatief voortgaan en, indien wel, op welke basis. Die teks van 'n telegram wat van ons Ambassade in Washington ontvang is, en wat addisionele getuienis deur dr Crocker bevat, word ook aangeheg.

Van my kant wil ek graag boekstaaf dat Kollega Magnus Malan en die S A Weermag, die A.G. van Suidwes-Afrika, en sy personeel, die S A Polisie en die Polisie van Suidwes-Afrika my en my Departement in alle opsigte bygestaan het en vergoed het vir my tekortkomings.

Wat ookal die uiteindelijke resultaat van hierdie ronde samesprekings, wat my sal bybly is die koördinasie, sinchronisasie en gevoel van gesamentlikheid en kameraderie wat daar deurgaans onder die leiding van ons geagte Eerste Minister tussen ons almal bestaan het.

Met vriendelike groete

R F BOTHA